WETTISME & GODSDIENSTIGHEID

Doel van wet:– om mense te wys hoe God gedien wil word. Hoe God se geregtigheid lyk.

Dit was ons "Tugmeester tot Christus". Die geregtigheid wat Christus volmaak sou kom vervul.

Selfs tydens die Wet het God kwaad geraak vir mens – want hulle het Hom gedien soos hulle wou, nie soos God se hart was nie.

Jes 29:13 – …"dien My soos mense dit wil hê- nie soos ek dit wil hê nie."

Dit is soos om iemand se auto-biografie te lees, maar nooit die skrywer te ken nie.

Reels en regulasies – al die moets en moenies:

- Lei tot veroordeling
- Vernietig verhouding met Christus
- Lei tot 'n "*moet harder werk*" –fokus om God te behaag

God sê – staan by die boom van Die Lewe – verhouding met Christus

As geregtigheid uit werke is – het Christus verniet gesterf

Geloof laat ons tot bekering kom – en dan voel mense dat hulle moet begin om in werke God gelukkig maak.

Joh 17:26 – liefde van God **in** ons en **vir** ons – is volmaak!!

Wettisme plaas 'n las op ons – dis moeilik om alles reg te doen.

Dit laat ons gedurig werk.

Christus sê ons moet rus vind by Hom – My las is lig en sy juk is sag.

Dis moeilik as jy by die boom van kennis staan

Maar om by Christus te wees – is om lewe te vind – ek verstaan sy liefde, sy genade en vriendskap- met al my foute ens.

Beweeg van dienaarskap na vrienskap

Die Wet verwyder God van ons af weg – Hy staan eenkant en hou my dop (?)

Maar by die boom van lewe – is God deel van my, Christus is in my en als is op my verhouding gebaseer.

Dis soos dieet of vas.

Jy wil aanmekaar eet – buwestheid van kos!!

Godsdiens skep 'n bewustheid van sonde – leef in vrees vir sonde en jy val gedurig – reg en verkeerd dryf jou.

By die boom van lewe is daar n bewustheid van genade en liefde – moets en moenies verdwyn – las raak lig, ek vind rus.

Moet my identiteit verstaan

- Soos hipnose
- Jy is wat die hipnotis se jy is

Die wet se vir jou wat jy nie is nie

- Nie goed genoeg nie
- Maak dit nie, kry dit nie reg nie
- Nie so volmaak soos Jesus nie

……..en die wet se vir jou wat jy wel is:-

- Swakeling
- verloorder
- Dis te moeilik om God te doen

By Christus is ek meer as n oorwinnaar, kind van God.

Joh 15 – bly in Christus.

Daar is nie n lys van moets en moenies – dien Christus as persoon.

Niemand hoef jou ook te oordeel hieroor nie.

Baie mense het die indruk uit die Bybel dat God ons toets of ons nog in die geloof is. Die afleiding is dus dat God iets oor jou pad bring om te kyk of jy nog "reg" glo in Hom, en as jy struikel, is jy ongelowig.

Die Bybel sê egter:- **2 Kor 13** – *ondersoek jy dan jouself, of jy nog in Christus is*.